

DIE ST. JOHN- ANGLIKAANSE KERK, VICTORIA-WES

Elbie Immelman

In die hoofstraat van Victoria-Wes onder die skaduwees van drie rustige ou dennebome staan 'n skilderagtige en onprentensieuse Engelse kerkie. Hierdie waardevolle skat uit die verlede, die St. John- Anglikaanse kerk, word reeds vir meer as honderd jaar deur die Engelse gemeenskap gebruik en bewaar.

DIE BISKOP SE VROU

In die veertigerjare van die vorige eeu is begin om die werk van die Anglikaanse Kerk in die Britse kolonies te bevorder. Met die oog hierop is op verskeie plekke biskoppe aangestel. 'n Jong vikaris, Robert Gray (1809—1872) van Stockton, Engeland, is op 6 Maart 1847 as die eerste biskop van Kaapstad aangestel. Robert Gray, sy intelligente en talentvolle vrou Sophia¹ en hulle vier kinders het op 20 Desember 1847 met hulle gevolg die lang reis na Kaapstad aangepak waar hulle op 24 Februarie 1848 aangeland het.

Gedurende haar drie-en-twintig jaar aan die Kaap het die merkwaardige Sophia Gray 'n aktiewe rol gespeel in en haar stempel afgedruk op die geskiedenis van Suid-Afrika. Sy was 'n uitstekende argitek en kartograaf en het ook 'n gangbare kennis van rekeningwetenskap gehad. Daarby was sy 'n vaardige skilder, veral met waterverf, 'n bekwame en elegante gasvrou en 'n uitmuntende perde-ruiter.

SOPHIA GRAY AS KERKARGITEK

Sodra Robert Gray se pligte in Kaapstad hom toegelaat het, het hy sy aandag aan die platteland begin bestee. Vergesel van sy vrou het hy verskeie binnelandse reise onderneem, soms onder haglike toestande as gevolg van heersende droogtes, onbegaanbare paaië, siektes en epidemies wat mens en dier geteister het. Hy het hom egter deur niks en niemand laat afskrik nie en met ondernemingsgees groot dele van die Karoo gedurende die sestigerjare binnegedring.

Op elke dorpie wat hy aangedoen het, het Robert Gray 'n Engelse gemeente gestig. Sophia het haar kennis van argitektuur en tekentalent aangewend om aan elke kerkkomitee 'n plan voor te lê en hulle van advies te dien met die bou van 'n kerk.

In Oktober 1863 het hulle 'n reis van Kaapstad af onderneem na George, Oudtshoorn, Ladismith en daarvandaan deur Meiringspoort na Beaufort-Wes en Victoria-Wes. In Augustus 1865, terwyl 'n ernstige droogte geheers het, het hulle Beaufort-Wes en Victoria-Wes weer besoek.² Dit was egter eers in 1869 dat Robert Gray die Anglikaanse gemeente op Victoria-Wes gestig het, hoewel eerw. Thomas Randall Walters reeds sedert 1866 dienste in die ou hofsaaal gehou het.

DIE ST. JOHN- ANGLIKAANSE KERK

Ten spyte van die kleet van wanhoop en ondergang wat oor die platteland gehang het as gevolg van 'n langdurige droogte het Robert en Sophia Gray vergesel van 'n paar helpers op 9 Maart 1869 met 'n kar en vier perde die nagmerrierit deur die Karoo aangepak, 'n rit wat hulle deur Seweweekspoort, oor Prins Albert, Fraserburg, Schietfontein (latêr Carnarvon) en uiteindelik tot op Victoria-Wes gevoer het.

Hier is hulle gulhartig ontvang deur die plaaslike

magistraat, Harold Welby. Welby, wat enkele maande na die Grays se besoek oorlede is (November 1869) aan die koors wat baie mense in daardie tyd platgetrek het, was die seun van die aartsbiskop van George. Hy is deur goewerneur sir George Grey persoonlik in die staatsdiens aangestel omdat hy deur sy regs-kennis en bekwaamheid beïndruk was.³

Die Grays en Harold Welby het saam die perseel uitgesoek waarop die kerk wat deur Sophia ontwerp is, gebou sou word. Die St. John- Anglikaanse kerk se hoeksteen is op 27 Desember 1869 gelê deur John Adams wat Victoria-Wes vir elf jaar (1869—1880) in die Parlement verteenwoordig het.⁴



SKETS: *Annette Schoonraad.*

Die silwer troffel waarmee Adams die hoeksteen gelê het, is van 'n paar krone (vyfsjielingsstukke) gemaak. Dr. John Adams Pringle, 'n agterkleinseun van John Adams en direkteur van die Natal-Museum in Pietermaritzburg, het die troffel enkele jare gelede aan die Victoria-Wes-Museum geskenk waar dit tans te sien is. Dit het ongeveer £1 000 gekos om die kerkie te bou, afgesien van die geskenke wat ontvang is. Weens 'n gebrek aan fondse het dit vier jaar geneem om te voltooi en met die inwyding op 3 Januarie 1874 was daar nog £60 skuld.

Sophia Wharton Myddleton (1814—1871) is op 6 Oktober 1836 met Robert Gray getroud. W.J. DE KOCK (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (Kaapstad, 1968), p.330.

2. T. GUTSCHE, *The bishop's lady* (Cape Town, 1970), pp.191—192 en 197—198.

3. GUTSCHE, *op. cit.*, pp.205 en 209.

4. Besonderhede uit 'n dokument opgestel deur dr. J.A. Pringle, "Brief outline of the life and work of John Adams", wat in die besit van die skryfster is.

ANGLIKAANSE PREDIKANTE OP VICTORIA-WES⁵


Die volgende predikante het agtereenvolgens die Anglikaanse gemeente op Victoria-Wes bedien: Thomas Randall Walters 1866—; Robert Brien 1870—1875; Robert Macten 1875—1879; I.S. Watson 1879—1880; J.C. Samuels 1880—1881; G. Gilbing 1881—1883; F. Hawkins 1883—1884; A. Fisher 1884; Lindam 1885—1889; D.E. Robinson 1890—1905; Spencer Collins 1905—1909; H.G. Gladstone Hawke 1910—1914; F.M. Lave 1914—1918; R.J. Garrod 1918—1919; I.W. Newsam 1919—1922; R.S. Robberts 1922—1924; H.I. Jeffrey 1925—1938; C.C. Watts 1939—1943; F. Geoffrey Child 1943—1945; E.W. Rudge 1946; A. Robson 1947; William E. Witts-Hewinson 1948—1953; N.C. Francis 1953—1955; E.F.W. Knight 1955—1956.

KERKINTERIEUR

Die drie gebrandskilderde vensters bokant die eenvoudige altaar beeld die kruisiging en opstanding in helder kleure uit en dra die onderskrifte *Was incarnate*, *Was crucified* en *He rose again*.

Die gebrandskilderde vensters bokant die altaar.

FOTO: Elbie Immelman



Aan die regterkantste muur is nog twee gebrandskilderde vensters te sien wat die nagedagtenis eer van M.E. Hitzroth, "who died May 1871" en E.E. Loxton, "who was drowned in the inundation of 27th Feb. 1871." 'n Verbeeldingryke toneeltjie uit die vloed wat Victoria-Wes in 1871 getref het, word in helder, glansende kleure uitgebeeld op een van die vensters. Dit toon die wanhoop van 'n vrou in die malende waters wat haarself van verdrinking probeer red deur aan 'n wrakstuk vas te

klem. Dit is verrassend dat brandskilderwerk, 'n tipiese kenmerk van die vroegste kerke in Europa, ook op Victoria-Wes te sien is.

Die geelhoutpreekstoel met sy houtsnijwerk is opgerig ter nagedagtenis van gesneuweldes van die Eerste Wêreldoorlog wie se name in alfabetiese volgorde daarop verskyn. Bokant die preekstoel is 'n brons plaat met die woorde: *To the glory of God and loving memory of Gilbert Becket (Bertie) Probart. Born 19th August 1875. Died 1st July 1896. Blessed are the pure in heart, for they shall see God.* 'n Brons gedenkplaat aan 'n muur huldig die eerste predikant, Thomas Walters: *In loving memory of Rev. Thomas Randall Walters first incumbent of this parish who fell asleep Aug 1868 aged 37 years. The memory of the just is blessed.*

Die indrukwekkende oorspronklike doopvont wat op 'n betonblok staan en die outydse traporreltjie is nog steeds in gebruik en die vertroostende gelui van die kerkklok tussen twee wit pilare onder die dennebome word nog gehoor.

Teenswoordig bestaan die gemeente net uit ongeveer twintig Blankes en sewentig Nie-Blankes. Die diens word elke tweede Sondag deur die Anglikaanse predikant van Beaufort-Wes waargeneem. Mnr. Brian Torr van Meltonwold tree op as leke-prediker, kerkopsigter en tesourier.

Op 27 April 1871 is die 57-jarige Sophia Gray in Kaapstad oorlede, en haar man sestien maande later. Hulle lê saam begrawe in die St. Saviour-kerk, Claremont. Op verskeie plekke in Kaapstad word hulle nagedagtenis gehuldig, onder meer in die St. George-katedraal waar 'n verbeeldingryke voorstelling van Sophia Gray in die gebrandskilderde venster aan die kant van die Hoë Altaar gegee word.

Anglikaanse kerke van haar ontwerp is nog oral in die Kaapprovinsie te sien, onder meer op George, Knysna, Claremont, Caledon, Riversdal, Worcester, Fraserburg en Clanwilliam. Deur hierdie werk het sy bygedra tot die skepping van 'n geestelike kompleks wat vandag nog bestaan en waaraan 'n mens elke Sondag herinner word as die kerkklok van die St. John-kerk op Victoria-Wes lui.

Die kerkklok wat sedert 1874 nog elke Sondag gelui word.

FOTO: Elbie Immelman.



5. St. John- Anglikaanse Kerk, Victoria-Wes, Kerkregisters en notuleboeke.